TAC
TREATMENT ACTION CAMPAIGN

# Die grondwet sê ek het 'n reg tot waardigheid en gesondheidsorg.



## Ek moet:

- ✓ Vroeg bespreek by 'n kraamkliniek om vas te stel dat ek en my baba gesond is.
- ✓ Versoek om berading te ontvang vir 'n HIV toets. Verpleegsters toets gewoonlik net vir Syphilis en bloedgroepe en nie HIV nie.
- ✓ 'n HIV toets laat doen. As ek weet dat ek HIV positief is, kan ek beter na my gesondheid kyk. Ek kan ook probeer verhoed dat my baba gedurende die geboorte met HIV aangesteek word.
- ✓ My maat vra om ook vir berading en 'n HIV toets te gaan.

## Indien ek HIV-positief toets, moet ek aandring op informasie oor al my moontlike opsies.

- ✓ Nevirapine/AZT – dit kan my baba teen HIV beskerm.
- ✓ Inligting oor waar Nevirapine beskikbaar is, indien my kliniek dit nie het nie.
- ✓ Formule melk, as ek toegang tot skoon water het en nie wil borsvoed nie. Borsvoeding kan my baba na die geboorte met HIV infekteer. As ek nie toegang tot skoon water het nie, moet ek advies kry oor eksklusiewe borsvoeding.
- ✓ 'n Dokter of verpleegster moet altyd ordentlike opvolg-diens gee en my gesondheid dophou.
- ✓ Ek moet by 'n ondersteuningsgroep aansluit vir hulp en nuus oor nuwe ontwikkelings in HIV behandeling.

*" Ek het die reg tot ondersteuning vir enige besluit aangaande my swangerskap, insluitende terminasie van swangerskap."*

*"Of ek positief of negatief toets, ek het die reg om aan te dring op die gebruik van kondome en veiliger seks wanneer elke keer as ek toestem tot seks."*

*"'n Positiewe HIV diagnose beteken ek moet meer uitvind omtrent dit. Ek moet weet wat my regte is en hoe om gesond te bly."*


Vir meer inligting kontak jou plaaslike dokter/verpleegster of bel die Treatment Action Campaign kantore:
NASIONALE KANTOOR: 021-788 3507
EAST LONDON: 043-760 0050
JOHANNESBURG: 011-403 2293 or 339 8421
DURBAN: 031-304 3673 or 304 9007
CAPE TOWN: 021-364 5489 or 364 9514
Website: http://www.tac.org.za